

AFSKOPREEKS 2022
GROEIGROEPMATERIAAL
Week 3



In Jesus Spore in 2022:
`n HART...volgens God se wil – wees soos

Elke mens se lewe is `n reis: `n paadjie wat êrens begin en eendag tot `n einde kom. En op hierdie reis van die lewe is geloof baie belangrik. Natuurlik tel wat jy weet en wat jy doen baie punte. Daar is egter `n derde – en baie belangrike! – komponent ter sprake wanneer dit by geloofsake kom: die hart van `n mens. G'n wonder dat die wyse Salomo in sy Spreuke die volgende te sê gehad het nie...

“Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe.” (4:23)

In Jesus Spore volgens God se wil, is die hart van `n mens dus `n baie belangrike faktor. Ons behoort nie slegs reg te **DINK** en goed te **DOEN** (soos Jesus self ook het nie), maar veral reg te **WEES** in ons hart. Die hart is die eintlike kern van `n mens se bestaan.

Laat ek jou `n belangrike vraag vra om oor na te dink: As jy in die hospitaal opgeneem sou word na `n geweldige groot ongeluk, wanneer bestaan jy in wese nie meer nie: wanneer (i) jou hart, of (ii) jou brein ophou funksioneer?

In `n aanlyn-artikel van MMTS (<https://www.minnesotacpr.com/exactly-heart-important/>) word die volgende opmerking gemaak: *The heart stops beating, the body starts dying.* Hierteenoor, wanneer die brein ophou funksioneer, gaan die liggaam nie dood nie, slegs die brein.

Maar dit is op `n fisiese vlak. Wat van die emosioneel-geestelike kant van sake? Wel, hierin is die hart eweneens belangriker as die brein, want dit help veel jy weet wat die regte ding is om te doen, maar jou hart is nie daarin nie; jy kan selfs goeie dade doen, uit pligsbesef, as jou hart nie uitverkoop is aan die dade wat jy verrig nie word dit nie in opregtheid gedoen nie, en is dit inderwaarheid leeg.

As Christengelowiges behoort ons harte dus voortdurend belyn te wees met die hart van Jesus, sodat ons innerlik meer soos Jesus word, eerder as om net soos Hy te dink of selfs uiterlik reg op te tree.

Leeswerk & vrae:

1. In Jos. 24:16 antwoord die volk vir Josua as hul leier. In die lig van die patroon wat ons uit die Ou Testament by die Israeliete raaksien, wat sou jy sê was die probleem met hierdie antwoord van hulle? In Joh. 16:2 verwys Jesus na dieselfde probleem wanneer Hy oor die toekoms praat.

2. Lees Matt. 15:1-9. Wie stel vir Jesus die vraag waarop Hy antwoord en waarop sou jy sê is hulle gefokus: kop, hart of hande? Wat is die kernprobleem by hulleself, volgens Jesus? (Vers 8)
3. In Matt. 21:28-32 vertel Jesus 'n gelykenis van 'n pa met twee seuns. Hoe verskil hulle optrede van mekaar rakende hulle dade? Wat het by beide seuns gebeur nadat hulle op hul pa se versoek geantwoord het? Het jy al vir die Here belowe om iets te doen, sonder om jou belofte na te kom? Hoe het dit jou laat voel? As jy nog met daardie skuldgevoel rondloop is dit nou 'n goeie tyd om dit te bely en dit agter te laat...by “die voet van die kruis” waar Jesus ook hiervoor gesterf het.
4. In 1 Kor. 4 verduidelik Paulus vir ons as gelowiges waarna God eintlik kyk. Wat is dit? (Vers 5) Paulus spoor die Korintiese gelowiges aan om sy voorbeeld te volg (vers 16) en volg dit later op met 'n hele hoofstuk wat hieroor handel: 1 Kor. 13. Wat sê Paulus hier vir ons?

Kom ek vat dit saam...

Ons kan die wonderlikste gedagtes aangaande God en geloof hê en ons kan die mees prysenswaardigste dade verrig wat mense oral om ons beïndruk. As ons harte egter nie “reg klop” nie, beteken die ersgenoemde nie veel nie. Om *In Jesus Spore* te loop, volgens God se wil, beteken dat ek waarde heg aan wat in my eie hart aangaan: ek maak dit 'n prioriteit om my hart op Jesus te rig, net soos wat Jesus sy hart op sy Vader gerig het in elke opsig (Joh. 5:19 en verder). Wanneer ons harte op Jesus gerig is, leef ons binne God se wil.

Hier is 'n paar belangrike slotopmerkings:

- Lees deur die evangelies en kyk spesifiek na Jesus se hart in sy optrede teenoor mense.
- Die regte vraag is: hoe “klop” my hart, volgens God se wil, of my eie? Onthou: jou innerlike (onsigbare) hart se toestand word uiterlik sigbaar in die “vurg” (woorde en dade) wat jou lewe voortbring (Joh. 15:1-5)
- Wanneer ek agterkom my hart is bedrieglik in 'n bepaalde opsig (Jer. 17:9), bely dit voor die Here en vra Hom om jou hart te verander (2 Kor. 3:18).
- Vra God om jou hart rein te maak in areas waar dit nie voorheen so was nie (Kol. 3:22 & 1 Tim. 1:5) – moenie net kennis neem van Jesus se woorde nie, maak dit jou eie.

Mag jy meer fokus om soos Jesus te wees, as om die regte dinge te dink of te doen.

Gebedstyd:

- Dink oor jou eie hart se emosies van die afgelope tyd.
- Skryf neer watter emosies sleg/sondig was, d.w.s. nie Godsverheerlikend nie.
- Vra die Here om jou hiervoor te vergewe.
- Vra Hom om meer van Jesus se hart in jou voort te bring deur die werking van sy Gees.
- Bid vir al die mense op ons voorbiddingslys, veral die kankerlyers.
- Bid vir elkeen wat positief gediagnoseer is met Covid: vir rustigheid en vir genesing.
- Bid vir ons eerste kerkraadsvergadering van die jaar (Wo. 23 Feb.) – vir die belangrike besluite wat daar geneem moet word aangaande ons gemeente.

Wees geanker in Jesus...sodat sy Gees in jou harte die regte “vrug” sal voortbring!

“Hy moet meer word en ek minder” – Joh. 3:30.